SA het te min dokters vir sy bevolking

Elsabé Brits

Selfs in die private sektor het Suid-Afrika baie minder dokters per 100 000 lede van die bevolking as die meeste lande ter wêreld.

'n Omvattende verslag wat Econex op versoek van die Suid-Afrikaanse Hospitaalvereniging (Hasa) oor dié situasie opgestel het, skets 'n donker prentjie vir geneeskunde – veral in die lig van die beplande nasionale gesondheidsversekering (NGV).

In Suid-Afrika was daar in 2013 net 25 staatsdokters per 100 000 mense en 92 in die private sektor.

Die gemiddelde is 60 per 100 000, terwyl die wêreldgemiddelde 152 is. Selfs in Indië (70), Brasilië (189) en China (194) is daar meer dokters per 100 000 mense.

Dit terwyl die druk op Suid-Afrika aan die toeneem is weens MIV/vigs, tuberkulose, geweldsmisdaad, 'n hoë sterftesyfer van kinders onder vyf, vroue wat tydens kraam sterf, diabetes, hartsiektes en psigiatriese siektes.

Die standaardpraktyk is dat

> **Burokratiese rompslomp stuit buitelandse dokters wat aansoek doen om in SA te werk.**

mense hul algemene praktisyns drie keer per jaar besoek. As dit gedoen word, is daar 'n tekort van 4 100 van dié dokters in die land, volgens die verslag.

'n Konstante toename in opgeleide dokters is nodig om te voldoen aan die behoeftes van die land se bevolking, wat met 1,58% per jaar groei.

Dit is onseker hoeveel dokters geëmigreer het, maar tussen 2004 en 2009 het 17% van die dokters wat gekwalifiseer het nie vir gemeenskapsdiens aangemeld nie. Om by die Raad op Gesondheidsberoepe (RGB) te registreer om in Suid-Afrika te kan praktiseer, moet hulle dié jaar voltooi.

Dit kan beteken dat die dokters die land verlaat het. Die meeste Suid-Afrikaanse dokters gaan na Kanada, Nieu-Seeland, Australië, die VSA en Brittanje.

Tussen 70% en 80% van dokters verkies ook om nie vir die staat te werk nie. Die hoofredes hiervoor is swak werksomstandighede.

Die tweede grootste rede is 'n gebrek aan toerusting en mediese voorraad, en dan hoë werkslading en onvoldoende beskerming teen MIV en tuberkulose, asook geweld.

Buitelandse dokters wil graag in Suid-Afrika werk en baie doen aansoek. Burokratiese rompslomp stuit hulle egter. Dit word in die verslag aangedui as "erge vertragings en ondoeltreffendheid by die Foreign Workforce Management Programme en die RGB".

Die departement van gesondheid het al in 2006 gesê hy gaan die aantal dokters wat jaarliks opgelei word van sowat 1 300 tot 2 400 vermeerder, maar daar het niks van gekom nie.

Intussen het die minister van gesondheid, dr. Aaron Motsoaledi, gesê dit gaan na 3 600 verhoog word in afwagting van die NGV.

Die plan is om dokters in Kuba en China te gaan oplei, maar volgens die verslag is geld plaaslik nodig om spesialiste op te lei. Dit kos sowat R3,1 miljoen rand en 'n pos moet aan die agt akademiese hospitale beskikbaar wees.

As private hospitale wat as kolleges dien ook akkreditasie hiervoor kan kry, sal dit die las aansienlik verlig. In Indië en Brasilië het dié model van private mediese kolleges gehelp.

Dokters in Suid-Afrika

Algemene praktisyns

Staatsdiens: **25,1 per 100 000**

Privaatsektor: **92,5 per 100 000**

Spesialiste

Staatsdiens: **5,6 per 100 000**

Privaatsektor: **86,5 per 100 000**

Die Hospitaalvereniging van Suid-Afrika se jongste peiling toon dat **31 950** dokters in 2013 aktief in die land werksaam was en **39 847** by die Raad op Gesondheidsberoepe geregistreer was.

Hoeveel dokters (gemiddele totaal per 100 000) wêreldwyd?



BRON: Econex, 2014

Grafika24